*Hare- Olies :*
★ Bon Fixa
★ O'Shana
Bring asseblief u bottel saam
Die Eikestadwinkel
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH

DIE

# Matie

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL IV, No. 19. VRYDAG, 11 AUGUSTUS 1944 PRYS 1d.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 MAR 1949
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

# HOE EN WAAR . . . .
# Loseer 2,300 Studente OP Stellenbosch?

Dit spreek vanself dat elke Universiteit graag so baie studente soos moontlik trek, want naas die gesonde akademiese wedywering in goeie studiekursusse, wat aangebied en geadverteer word, is daar ook 'n wedywering in getalle, wat meer bepaald op die buitestaander indruk maak. Ook daaraan word die groei, vooruitgang en betekenis van 'n universiteit gemeet.

Om studente te trek word daar druk geadverteer, veral in skoolblaaie. Kom na Pretoria; kom na Stellenbosch! Ons is die Voortrekkeruniversiteit; ons is die Volksuniversiteit! As die genooides dan gehoor gee en kom dan word aan honderdes gesê dat daar geen plek vir hulle is nie. Wat 'n klug! Wat 'n harlekynespelletjie! en vir die teleurgesteldes, wat 'n tragedie, en vir ons volk, wat 'n verlies. Ons wil mos ons volk opvoed en opbou, gesond na liggaam en gees. Nou is die gulde tyd, nou dat ander mense verkies om oorlog te maak en mekaar vankant te maak.

Maar wat is nou die werklikheid op Stellenbosch? Daar is nie alleen 'n woningsnood vir die gewone publiek nie; daar is 'n baie groter en skreiender woningsnood vir die studente, met die gevolg dat studente wat nie die geluk getref het om in 'n Universiteitskoshuis plek te kry nie, maar moet neem wat hulle kan kry en inkruip waar hulle kan. Baie het wel in private koshuise gekom waarvan sommige uitstekend goed is, ander minder goed en party baie twyfelagtig; ander weer in buitekamers in agterplase, waarvan sommige vroeër pak- of bediende-kamers was of selfs stalle, en wat nou nie beter kan genoem word as krotte of „slums" nie. Dit sal wel oor die hele wêreld met studente so gaan; net jammer dat dit op Stellenbosch moet gebeur.

SY BES GEDOEN.

Laat ons met waardering erken dat die Universiteit, met die vinnig stygende getal studente, in die jare voor die oorlog dapper aan die bou gegaan het en behalwe al die nuwe laboratoria byna elke jaar 'n groot nuwe koshuis vir sowat 100 damestudente daargestel het. Jammer dat die poging nie baie groter was nie en ook die mansstudente ten goede gekom het nie. Weens die verbod op nuwe aanbou tydens die oorlog het daar in die laaste vier jaar geen nuwe koshuis ontstaan nie en moes die Universiteit ook afsien van die voorgenome bou van twee groot koshuise vir 250 mansstudente op die terrein agter Dagbreek.

Vir ons damestudente moes natuurlik in die eerste plek gesorg word en van die byna 800 damestudente is sowat 600 uitstekend gehuisves in 8 Universiteitskoshuise; nog sowat 100 is goed geplaas in private koshuise, terwyl die orige 100 by familie of vriende loseer. Maar behalwe die 500 mansstudente wat in Dagbreek en Wilgenhof loseer, moes die orige byna 1,100 maar self sien waar hulle tereg kon kom; in privaat koshuise, by families aan huis of in enige toevallige kamers. Ongelukkig het die P.S.O. wat veronderstel is om op die private losiesaangeleenthede die oog te hou, nie alte streng te werk gegaan nie; met die gevolg dat die Universiteitsowerhede wat op die rapporte van die P.S.O. afgegaan het, ook nie betyds ingegryp het om sekere wantoestande te verbeter of te voorkom nie.

*Vanjaar het die Universiteit met medewerking van die P.S.O., egter deeglik op die kwessie van privaat losies ingegaan en met behulp van 'n simpatieke Stadsraad sal die nodige maatreëls getref word om voor aanstaande jaar groot verbeterings in die algemene higiëniese en sanitêre toestande aan te bring.*

## Groot Mylpaal In Moedertaalstryd

Die Afrikaners van Pietermaritzburg het 'n groot mylpaal behaal in hulle stryd om hul eie Afrikanerkinders in hul eie Afrikaanse taal onderwys te laat ontvang: 'n heeltemal doelmatige gebou is aangekoop in Pietermaritzburg as skoolgebou teen die bedrag van £5,500. Aangesien op 5 Augustus reeds £7,000 ingesamel is vir die moedertaalstrydfonds ,was die geld dadelik beskikbaar om die koopsom te betaal.

Dit is egter absoluut noodsaaklik dat nog meer fondse ingesamel word. Die gebou moet in stand gehou word, meubels moet aangekoop word en die salarisse van die onderwysers moet betaal word. Die insameling sal dus met alle ywer voortgaan.

Ds. L. M. Botha van Ladismith, Natal, sal in tydelike hoedanigheid rondgaan as organiseerder van die Fonds.

# S.A. Akademie op Stellenbosch Byeen

## Referate van Hoogste Gehalte

Die jaarlikse byeenkoms van die S.-A. Akademie vir Kuns en Wetenskap het onder blyke van groot belangstelling 'n tydjie gelede op Stellenbosch plaasgevind. Dit was vir die studentegemeenskap van ons Universiteit 'n besondere voorreg om die verrigtinge te kon bywoon en te luister na die referate deur Afrikaanse geleerdes gelewer. Weereens het ons hoogste kultuurliggaam, wat so geweldig baie vir die Afrikaner en sy taal beteken, bewys gelewer dat Afrikaans op elke gebied tot sy reg kom.

Die sitting is geopen deur dr. H. P. Cruse, burgemeester van Stellenbosch, wat 'n besonder boeiende rede gevoer het, om die belangrikheid van radiografiese ondersoek, om tering in sy vroeë stadium te ontdek, te beklemtoon.

Hierna het die Fakulteite vir Wetenskap en Tegniek en Letterkunde en Kuns afsonderlik vergader. By hierdie geleentheid is 'n besonder interessante referaat deur dr. Con de Villiers gelewer oor die onderwerp „Hoogstaande en Laagstaande en die Transformasieleer." In die namiddag is weer kort lesings gehou oor wetenskaplike onderwerpe nl., dr. Theo Schumann: „Die Turbulensieteorie van die atmosfeer." Dr. P. J. G. de Vos: „Kosmiese strale." Mnr. Rosseau: „Ons Vissersbedryf." Dr. Coert Grobbelaar: „Vitaalkapasiteit van ons liggaamsopvoedingstudente" en Dr. J. K. Marais: „Organisasie wat gepaard gaan met die oprigting van groot fabrieke."

Die sitting is die volgende dag hervat onder leiding van mnr. S. H. Pellisier, Direkteur van Onderwys vir die Vrystaat, wat 'n oortuigende betoog gelewer het waarin hy die belang van Afrikaans as voertaal in die openbare lewe benadruk het.

Na die toekenning van erepennings en die Hertzogprys het dr. G. B. A. Gerdener 'n toespraak gelewer oor die kultuurtaak van ons kerk waarin hy die samewerking van die kerk, die wetenskap en die kunste bepleit het.

# Ossewabrandwagdag Is Hier!

● Môre ken almal net een pad, vanaf alle dele van Stellenbosch, vanaf die omliggende dorpe: STADSAAL-TOE!!

● **Oggendprogram:** BASAAR — van alles en nog wat: koek in oorvloed, groente direk van die plase, plaasprodukte sommer so vars-vars, ens., ens. **Genle. mev. dr. du Toit open die verrigtings om 10 v.m.** KAFEE vanaf 10 tot 12 v.m.: lekker koffie, tee en allerhande eetgoed.

● MIDDAGETE 12.30 — 2 n.m. N.B. **Bring asseblief eetgereedskap saam, sover moontlik.** Borde minder belangrik.

En dan staan almal so effens opsy want daar moet reggemaak word vir die....

● ......**Aandprogram:** 'n Aand vol vermaaklikhede van die hoogste gehalte word aangebied. Net die trippens uit die sak haal....en alles is tot u beskikking. Natuurlik weer **'n kafee** die hele aand vanaf 7.30 n.m. waar u heerlik kan gaan sit en gesels en geniet van alles wat lekker is; net so nou en dan die hand so'n bietjie in die sak steek, en die wêreld is reg.

● Om 8 n.m. hou Genl. dr. F. du Toit van Zyl 'n kort **geleentheidsrede** en dan gaan die ander bedrywighede weer voort.

● Om 9-uur die groot Hofsitting — maar daaroor gesels ons nie nou nie.

● Die hele aand sal die **orkes** musiek verskaf en daardie **koor** sal wys hoe ons eie Afrikaanse volksliedere en -liedjies gesing moet word. Natuurlik sal daar **volkspele** ook wees, en as dit moontlik is, dames, Voortrekkerdrag asseblief!

● Sytonele van die allerkeurigste en nuutste. Net so'n ietsie uit die sak, en behendigheid en vindingryk daarby en....wel, miskien gaan u oorlaai met al die mooi pryse daar weg . Daar in daardie hoek voor die ou kafferhut, die **dolos**gooier. Dames (en here) daar lê u toekoms ontbloot. As hy so vooroor sit en prewel oor sy „kinders"....

ALLE VOLKSGENOTE HARTLIK WELKOM! EN ONTHOU, DIE DAAD VAN ONDERSTEUNING IS 'N OFFERDAAD.

*INSPAN, UITSPAN, ONTSPAN by die*
**UITSPAN**
*Melktert, Tuisgemaakte Pasteitjies, Koesisters, Pannekoek - - - -*
**Boeretroos na Boeresport.**

**DIE EIKE KAFÉ**
Onder persoonlike toesig van
(Mnr. en Mev. van Zyl)
SIGARETTE en TABAK
SJOKOLADE en GEBAK
VARS VRUGTE
en
GROENTE
LIGTE ETES ALLE URE!
In ruil vir u gewaardeerde ondersteuning waarborg ons u
*DIE BESTE DIENSTE*

**Darters**
Pleinstraat, Stellenbosch
*Vir waarde in*
* *Boeke*
* *Skryfbehoeftes*
* *Kunsmateriaal*

**APTEKERS**
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.
**JOERNING en SEUN**
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**Die Plaza**
Foon 0013.
The
Amazing Mrs. Holliday
DEANNA DURBIN
*11 en 12 Augustus*
Matinee: Saterdag om 3 n.m.

*Goeie Raad!*
Daar kom 'n tyd in die lewe van elke mens dat hy iets netjies wil laat druk, al is dit net......
'n Visitekaartjie
'n Sirkulêr
'n Program
'n Bloemlesing
'n Geleerde Dissertasie
of wat ook. Kom reguit na ons. Onr raad is vry—ons werk word gewaarborg.
*Ons hele Staf is tot u diens!*
Pro Ecclesia-Drukkery
Pastoriestraat, Stellenbosch.

**DIE MATIE**
Alle Korrespondensie aan:
H. S. MARAIS,
HOOFREDAKTEUR,
Dagbreek.
Korrespondensie i.s. Inskrywings aan:
*Die Matie* Administrasie,
Posbus 28,
STELLENBOSCH.
Inskrywingsgeld 5/- per jaar.

Deel IV. 11 Aug. 1944. No. 19.

## WAAROM NIE ONS EIE NIE?

Nog net twee maande en ons blaai die almanak om op 10 Oktober. Ons kyk eers bloot objektief na die dag soos dit daar in die almanak staan; 'n doodgewone dag wat geen verskil van die ander weeksdae toon nie; 'n dag wat egter in sonderlinge kontras staan teenoor daardie rooi gedrukte datums (rooi, ja, goedgekose kleur) — 24 Mei, 7 Augustus. Ja, daardie dae is die uitstaandes, hulle is die dae wat as openbare vakansiedae daar staan. En 10 Oktober is 'n doodgewone dag!

En dan protesteer ons hele Afrikanersiel, dan kan ons nie help om in opstand te kom teen dié skreiende uiting van onregverdigheid nie. Ryksdag, Koningsverjaarsdag — watter betekenis het dié dae vir ons as 'n volk. Is dit dae waarop die Afrikanersiel in feestelikheid kan ontplooi en as eenheid hulde bring aan dit wat groot en edel en roemryk is in ons volksverlede? Is dit dae wat die volkskarakter kan help uitbou in die taak van ons geskiedenis naas die blote roem wat dit aan die nageslag verskaf — uitbouing, ontwikkeling, vernuwing van die volksiel. En dit moet die doel van ons nasionale feesdae wees, om die volk as eenheid vollediger in besit te laat tree van sy verlede en die uitoefening van sy eie nasionaliteit skerper en kragtiger aan te moedig.

Moet ons volk dan bloot tevrede wees met die viering van dae wat grond in 'n vreemde geskiedenis, 'n vreemde oorheersing, dikwels 'n vyandige mag? Of is dit juis die idee, om te verhoed dat die volk gevoed sal word met die ryke voedsel van 'n eie volksverlede; om hom te laat indrink van Imperialistiese „roem" wat versinnebeeld is in die volksvreemde feesdae?

Ons geskiedenis is vol van die rykste en kostelikste elemente wat as basis en as draer kan dien vir groot nasionale feesuitinge. Waarom is daar geen Heldedag, geen Van Riebeeckdag, geen Vryheidsdag wat die begin van 'n groot Vryheidstrek kan aandui nie? Ons volk smag nie alleen na die openbare verering van die volksverlede nie; ons volk het daardie verering dringend nodig om as basis te dien vir positiewe voortbouing in die toekoms. Blote individuele gedagteverering lei baie maklik daartoe dat 'n toestand van stilstand bereik word, 'n toestand waarin almal maar net bereid is om te vereer wat agter lê en te swyg en daar te laat waar voortgewoeker moet word vir die toekoms. Wat nodig is, is die geleentheid vir volksdemonstrasie, geput uit die verlede, gebou vir die hede en die toekoms.

Oor en oor is die drang na die feesviering oor ons hele land getoon. Selfs by skoolkinders het dit tot uiting gekom deur weiering om op 10 Oktober enige klasse by te woon. Maar nog steeds word die geleentheid doelbewus weerhou. Oral stry klein groepies egter vir die reg, oral word die vierings waargeneem tot so'n mate as die geleentheid dit toelaat. **Waarop ons wag is net die finale toesegging van die onaanvegbare reg van 'n volk: die reg om offisieel sy Groot Dae te vier!**

# Die Oorlog

## Churchill se Jongste Toespraak: Wat hy nie gesê het nie

*Deur Prof. J. A. Wiid*

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

Die Britse premier het weereens 'n toespraak oor die oorlog gehou. Hierdie keer sou hy 'n ,,goeie verslag" van die oorlog gelewer het. Hoewel hy in die verlede nog nooit its anders as ,,goeie verslae" oor die oorlog gelewer het nie, het hy hierdie keer meer grond vir optimisme gehad. Het die Geallieerdes in Rusland, Frankryk en Italië in die laaste tyd dan nie groot suksesse behaal nie? Het die stryd in die Verre Ooste dan nie eindelik 'n gunstige wending geneem nie al word Japan self nog nie bedreig nie en al is die Japanse leër en vloot nog nie beslissend verslaan nie? Het die Duitse duikbote en lugmagte dan nie reeds lang opgehou om 'n ernstige gevaar te wees nie? Het die jongste aanslag op die lewe van Hitler dan nie eindelik bewys gelewer dat daar in Duitsland 'n kraak is, dat dit met alles in Duitsland self nie wel is nie? Die enigste vlieg in die salf is dat die Duitsers met 'n nuwe wapen, 'n vlieënde bom of meteoor, voor die dag gekom het wat op die strategies-belangrike maar kwesbare Suid-Engeland insluitende Londen en omgewing 'n vernietigende uitwerking het sonder dat dit vir die vyand te veel kos.

Hoewel die Britse premier dus rede vir sy ,,goeie verslag" gehad het, is daar tog 'n paar puntjies in sy jongste toespraak wat kommentaar verdien.

Dit is waar dat Churchill in sy ,,goeie verslag" sy mense waarsku dat dit nog altyd moontlik is dat daar 'n terugkeer na die duikboot-oorlog kan wees en dat die Duitsers 'n betreklike voordeel in die lug kan behaal. Ook beklemtoon hy die ,,uiters swaar" verliese wat die Britse en Amerikaanse lugmagte tussen 1 April en 30 Junie 1944 in Frankryk sou gely het sonder om op die invalsverliese as geheel in te gaan. Ook sou Churchill presies weet dat die Duitsers in die landgevegte in Normandië ,,sowat twee maal soveel verliese" gely het as die Geallieerdes.

Met betrekking tot die Duitse meteooraanvalle op Engeland sou daar volgens die Britse premier, 5,300 van hierdie bomme gelanseer gewees het waardeur 4.735 mense gedood en 14,000 min of meer ernstig beseer is. Ook sou daar tot dusver omtrent 17,000 huise heeltemal vernietig en sowat 800,000 deur hierdie vliegende bomme beskadig wees. Meer as 600,000 is egter, volgens Churchill, alweer bewoonbaar gemaak. Voorts sou die meteooraanvalle reeds die ontruiming van sowat 1,000,000 mense uit Londen tot gevolg gehad het. Uit dit alles blyk dit dat die nuwe Duitse wapen tog geen propagandistiese grap is nie. As Churchill tog probeer om sy mense te troos met die versekering dat binne dieselfde tydperk sowat 48,000 ton springstof op Duitsland, teenoor die sowat 4,500 ton op Engeland, neergegooi is, dan versuim hy om daarop te wys dat die Geallieerdes se lugaanvalle op Duitsland met hoë eie verliese aan mense en materiaal gepaard gaan terwyl die meteooraanvalle vir die Duitsers betreklik weinig kos.

**BRITTANJE EN RUSLAND**

Die merkwaardigste in die toespraak van Churchill is sy onderworpenheid en minderwaardigheid teenoor Stalin, al word dit nie in soveel woorde gesê nie. Nie alleen begroet hy ,,maarskalk Stalin, daardie groot kampvegter van sy land" nie, maar hy gee toe dat hy en Roosevelt in Teheran aan Stalin beloof het om teen die end van Mei of die begin van Junie 'n inval op Noordwestelike Europa te maak, terwyl Stalin van sy kant beloof het dat die ganse Russiese leër in die ooste in die stryd gewerp sal word.

Die Britse gedienstigheid teenoor Rusland kom nog beter tot uiting waar Churchill na lande soos Pole, Roemenië en Turkye verwys. Aan hierdie lande wat enige jare gelede deur Britse waarborge oorlaai is, gee Churchill vandag die raad om tot 'n goeie verstandhouding met Rusland te kom. Brittanje, wat in 1939 nie alleen waarborge aan Pole verstrek het nie maar selfs oorlog aan Duitsland verklaar het, toe laasgenoemde Danzig en die Poolse Korridor by die Reich weer ingelyf het, gee vandag aan die Pole die raad om met hul aartsvyande, die Russe, tot 'n verstandhouding te kom. Hoe anders sou die geskiedenis van die wêreld miskien gewees het as Brittanje en Frankryk in 1939 i.p.v. waarborge die raad aan die Pole gegee het om oor Danzig en die Korridor tot 'n verstandhouding met Duitsland te kom! Die Britse opoffering van vlugtelingsregerings in Londen aan ,,bevrydingskomitees" in Moskou is geen nuwigheid nie. Soos niks anders in hierdie oorlog bewys dit egter hoe seer die Britse gewig ten opsigte van Rusland verminder het. Die dag is waarskynlik nie meer ver nie dat selfs Britte sal besef dat imperialisme nou maar eenmaal imperialisme is, al kom dit ook van 'n Bolsjewistiese Rusland wat kwansuis bekeerd sou geraak het.

Die ,,goeie verslag" wat Churchill onlangs oor die oorlog gelewer het, behoort denkende mense tot verdere nadenking te stem.

## GEVLEUELDE WOORDE

In die demokratiese woestyn het ons geslag geleer dat dit nie die regte van die enkeling is wat tel nie; maar wel die regte van die volk as organiese eenheid, die organiese volk wat kontinuiteit verteenwoordig en nie die enkeling met sy eie belang van gister en eergister wat môre weer vergeet sal wees nie.... As die enkeling sy pligte nakom, kom sy regte vanself.....omdat hy as pligbewuste volksgenoot te waardevol is om aan morele en ekonomiese ondergang prysgegee te word. Sy volk sal hom beskerm omdat hy sy volk beskerm.

Ons is innerlik klaar met die ou wêreld waar vryheid sinoniem was met geldmag, waar die ryk man vry was om ryker te word en die arm man se enigste vryheid was om nog armer te word.... Die volksgenoot moet leer insien dat sy eerste wêreldse pligte nie homself toekom nie, maar wel die organiese volk, waarin die voorsienigheid hom geplaas het en waarmee God 'n plan het.

*Dr. Hans van Rensburg.*

## PREEKBEURTE

*Moederkerk:*
10.30 v.m.: Prof. van Rooyen.
4.15 n.m.: Teol kandidaat L. M. Steenkomp.
7 n.m.: Ds. T. N. Hanekom.

*Nuwekerk:*
10.30 v.m.: Ds. Hanekom.
7 n.m.: Dr. Snyman.

*C.S.V.-Saal:*
7 n.m. (Geref. Kerk): Ds. J. W. J. van Ryssen.

**Rook Springbok-Sigarette**

## TOEKENNINGS DEUR DIE AKADEMIE

Op die jongste sitting van die S.-A. Akademie vir Kuns en Wetenskap is die oorhandiging van die Hertzogprys en verskeie erepennings deur mnr. S. H. Pellisier waargeneem. Die volgende toekennings is gemaak: —

*Poësie* — Elizabeth Eybers (Belydenis in die Skemering en Die Stille Avontuur).

*Drama* — C. L. Leipoldt (Die Heks en Die Laaste Uur).

*Geskiedkunlige Prosa* — J. du P. Scholtz (Die Afrikaner en sy taal).

*Geskiedenis* — Koenraad Beyers (Kaapse Patriotte).

*Erepennings* — Erich Mayer (Skilderkuns); P. K. de Villiers (Musiek); Fanie Eloff (Beeldhoukuns).

## Heldedagkomitee Nooi U.K.-Afrikaners Uit

Die plaaslike Heldedagkomitee het die Afrikanerstudente van Universiteit Kaapstad uitgenooi om mee te doen aan die groot Heldedagviering op Stellenbosch op 10 Oktober. Daar is gevoel dat die Afrikaners aan U.K. weinig kans het om onder die omstandighede aldaar die feesdag of selfs hulle eie feesstemming tot sy reg te laat kom. Ons verneem dan dat die Afrikanerstudente van U.K. heel waarskynlik verantwoordelik sal wees vir 'n belangrike deel van die aandprogram benewens hul meedoening aan al die ander verrigtinge van die dag.

## INGENIEURS BESOEK KOELENHOF-FABRIEK

Die plaaslike Ingenieursvereniging het Dinsdagmiddag 'n uitstappie na die Pyp en Steenwerke van die firma Hume onderneem. Die geselskap, onder leiding van prof. Reitz, is per fiets na Koelenhof, waar hulle vriendelik ontvang is.

Onder die bekwame leiding van 'n aantal gidse kon die studente 'n baie leersame rondte in die fabriek doen. Byna alles geskied met behulp van die allermodernste masjinerie en elektrisiteit, en veral die 2de jaarstudente kon besonder veel baat daar die meeste besienswaardighede binne die bestek van hulle kursus val.

Dinsdagaand is die Vereniging onderhoudend toegespreek deur mnr. H. v. Wyk oor die konstruksie-ontwerpe van skepe en watertenks.

## S.V.R. ONTVANG VERSLAG

By geleentheid van die sitting van ons Studenteraad verlede Dinsdagaand het die mnre. E. H. Botha en B. Pauw verslag gedoen van die A.N.S. Studente - Werkers - Kongres wat hulle as afgevaardigdes van die plaaslike S.V.R. bygewoon het. Hulle het die hoogste lof vir die verrigtinge gehad en veral die positiewe daad van die A.N.S. in die verband op prys gestel.

## JOKL-GESELLIGHEID

Maandagaand het die Jokkeliete 'n baie geslaagde funksie in die Conservatorium gereël. Die weer het hulle nie toegelaat om verversings in die ope lug te bedien nie, maar dit het geen afbreuk gedoen aan die joligheid nie. In die loop van die aand is o.a. ook 'n kabaret uitgevoer en 'n sangsolo is gelewer deur mej. Emsie van der Westhuizen. Die funksie is gereël met die oog op die toer wat in die Septembervakansie sal onderneem word na Potchefstroom.

KORRESPONDENSIE. — *„Omgekrap"*: Dink u nie ook dit sal beter wees om maar dié sakie sonder die hulp van *Die Matie* uit te spook nie? — *Red.*

## PLATE-PROGRAM

### Sondagaand 8.15

Mej. Anna Uys sal die plate-program voor die Musiekvereniging eerskomende Sondagaand nà kerk in die Conserve waarneem. Sy sal die volgende plate uit haar eie versameling speel: —

Toccata en Fuga in D kleinterts (Bach); Pelgrimskoor (Tannhäuser-Wagner); Panis Angelicus (Cesar Franck) — gesing deur Gigli; Da zu dir der Heiland kam (Meistersinger-Wagner); Duet uit Arabella (R. Strauss) „Und du wirst mein Gebieder sein"; Serenade (Gounod) — gesing deur Selma Kurz; Halte la! (Carmen-Bizet) — Farrar & Martinelli; Sontag (Brams) — gesing deur Batzag; Papageno se lied uit „Die Zauberflöte" (Mozart); Pavane pour une Infante defunte (Ravel); Mouvements Perpetuels Poulenc) — gespeel deur Moiseiwitsch; Barcarolle uit „Verhale van Hoffmann" (Offenbach); „Schaffe, mein Prinzchen" — Wiegeliedjie gesing deur die Weense Seunskoor.

## NUWE SEKRETARIS VIR S.V.R.

*Mnr. Piet Swart* is gekies as sekretaris van die S.V.R. in die plek van mnr. Lieb Loots wat bedank het. Mnr. Swart was voorheen assistent-sekretaris, 'n amp wat nou deur mnr. Fanie Botha waargeneem sal word.

## C.S.V.-BASAAR UITERS GESLAAGD

Verlede Saterdagoggend het die C.S.V. nuwe sukses behaal met die basaar wat in die C.S.V. Hoofgebou plaasgevind het. Die basaar word nou heeltemal 'n jaarlikse instelling, en elke jaar word groter sukses behaal. Die presiese bedrag wat ingesamel is, is nog nie bekend nie, maar dit is seker dat dit nog heelwat beter gegaan het as verlede jaar. Maar dit kan ook nie anders nie want elkeen het sy deeltjie bygedra, van die besmeerde skoene-poetsers daar op die sypaadjie tot die netjies geklede dametjies agter die koektafeltjies.

### Verskeidenheidstoernooi ?

Daar sal in die loop van die kwartaal 'n groot verskeidenheidsboks- en stoeitoernooi ten behoewe van die plaaslike hospitaal in die stadsaal plaasvind. O.a. sal verskeie W.P. kampioene deelneem. Die dames van die liggaamsopvoedingfakulteit sal ook 'n gimnastiekvertoning lewer.


**HENDRIKSZ**
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.



### WEET U?

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**


## Onder Onsies

Mej. Rita Marais van Monica het onlangs haar verlowing bekend gemaak met mnr. A. Burger van Zastron.

* * *

Mej. Diedie Bergman wat gedurende die vakansie 'n mangeloperasie ondergaan het, is tans terug in Huis-de-Villiers.

* * *

Onlangs is die verlowing bekend gemaak van mej. Francina Keyter, vroeër van Denneoord, en mnr. Flip Slabber, die vorige Matie-voetbalkaptein wat tans op Franshoek onderwys gee.

* * *

Mej. Vena Wilkens, primaria van Huis-ten-Bosch, is na 'n tydjie van afwesigheid weer terug.

* * *

Gedurende die afgelope vakansie het ook mej. Susan Malherbe van Huis-ten-Bosch, en mej. Christie Cloete, primaria van L'Avenir, verloof geraak.

* * *

Mej. Anna Buckle is gedurende die afgelope naweek sodanig deur 'n hond beseer dat sy voorlopig nie haar klasse kan bywoon nie.

* * *

Prof. J. A. J. van Rensburg, van die Sielkundefakulteit ,sal vir die volgende twee weke afwesig wees. Hy lê 'n besoek in die Noorde af.

* * *

Mej. Vera Coetzee, van Greylock, tree volgende week weereens met die Kaapstadse Munisipale orkes oor die radio op.

* * *

Volgens mnr. S. J. du Toit, plaaslike atletiekafrigter, sal Gideon Bosman, die skitterende jong S.-Tvl. Junioratleet, volgende jaar op Stellenbosch wees. Hy sal 'n liggaamsopvoeding-kursus volg met die oog op verdere oorsese studie i.v.m. atletiek.


# Alleen Op Die Wereld

(HAAR TWEEDE MAN)

'n Dramatiese Meesterstuk gebaseer op Tennyson se beroemde „ENOCH ARDEN"
word u aangebied
in die

## Recreationsaal STELLENBOSCH

op

## Vrydag, 11 Augustus

om 8 n.m.

Deur

## Mnr. André Huguenet

EN SY TEATERGROEP.

Bespreek by C.S.V.-BOEKHANDEL

Pryse: Volwassenes Besp. 4/-.
Onbesp. 3/-. Kinders 1/9.
(Belasting ingesluit)



# Suikerbossie Melksalon

Se Bediening is Uitstekend,
Ontmoet Jul Vriende Hier
Om 'n Lekker Koppie Koffie.

●

Ons pas geopende
**BILJARTKAMER**
(5 tafels) is die mooiste en netjieste in die W.P.



# Foon 94 Santy se Bottelstoor

*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.*



„FLORA"
vir
BLOMME, KRANSE,
SKOUERRUIKERTJIES, ens.
RECREATIONSGEBOU, PLEINSTR.



# Die C.S.V.-BOEKHANDEL

kan u naas u *Voorgeskrewe Boeke* en Skryfbehoeftes ook voorsien met *Leerartikels* van alle soorte.

●

*Groot verskeidenheid van Afdrukke van Skilderye* en ander prente ook in voorraad.

●

# Die C.S.V. - Boekhandel



# Rook Springbok-Sigarette

# Sportmanne In die Nuus

## Paavo Nurmi

Die bespreking van die prestasies van die Sweedse wonder-atleet, Haegg, in hierdie kolomme onlangs het onwillekeurig om 'n vergelyking gevra met 'n ander atleet wat in sy tyd groot opspraak verwek het, nl. Paavo Nurmi.

Alhoewel Haegg, die wonderatleet van Swede, veel op Nurmi se prestasies verbeter het, wil atletiekkenners dat die klein Fin tog die grootste middel -en langafstandhardloper is wat ooit geleef het. Paavo Nurmi is in 1897 in Finland gebore en het reeds op jeugdige ouderdom begin deelneem aan wedlope sodat hy op elfjarige leeftyd die 1,500 meter in 5 m. 3 sek. kon aflê.

Op 24-jarige leeftyd is hy gekies vir die Olimpiese Spele, en alhoewel hy in die 5,000 meter geklop is, het hy nietemin die eerste plek behaal oor beide die 10,000 meter en die veldwedloop oor dieselfde afstand. Dit het die Fin aangevuur en spoedig het hy van krag tot krag gegaan deur gereelde en deeglike oefening. Daar word beweer dat hy selfs die paar myl wat hom van sy werkplek geskei het hieronder ingesluit het.

Die een sukses na die ander het hom nou verder voortgelag op die atletiekbaan, en in 1923 stel hy sy eerste wêreldrekord op deur die 5,000 meter in 14 m. 35.3 sek af te lê. Later in die jaar lewer hy ook een van sy beste prestasies toe hy die myl in Stockholm in 4 m. 10 sek. aflê (wat nog 6 sek. minder is as ons eie mylrekord), Die volgende jaar met die Paryse Olimpiade meet hy kragte met die wêreld se bestes, en kwyt hom op so 'n wyse van sy taak dat hy feitlik as nasionale held in sy vaderland terug verwelkom word. Hy behaal nl. eerste plekke oor die 1,500, 5,000, 10,000 en 9,000 meters (padwedlope), en oor eersgenoemde twee afstande stel hy nuwe Olimpiese rekords daar. Boonop behaal die Finse aflosspan, grootliks as gevolg van sy verbasende tyd oor sy bepaalde afstand, die louere in die 3,000 meter wedloop.

# VOETBAL

## Môre se Botsings

Na 'n tussenspel van interprovinsiale rugby word die Wes-Kaaplandse ligawedstryde weer môre voortgesit. Dieselfde twee spanne wat veertien dae gelede op Coetzenburg besoek afgelê het, is weer plaaslik in wedstryde teen die Maties betrokke. Paarl pak die 1-B om 2.45, terwyl die A in die vieruurwedstryd met Bellville deurmekaar raak.

Die Maties se eerste vyftiental het teen Paarl baie teleurgestel, en het gladnie die vorm openbaar wat hulle met die toer gehad het nie. Party ondersteuners het alles aan die feit dat die Maties so 'n geringe aandeel van die vaste skrums gewen het, toegeskrywe. Dit is wel waar dat 'n span nie kan presteer op die aanval as hulle nie die bal bemeester nie, dog in die losspel waar die Rooies gewoonlik die grondslag van hulle oorwinnings lê, het hulle ook nie juis uitgeblink nie. Wanneer Krone of Brink 'n oordeelkundige dwarsskoppie gelos het, was die voorspelers ook nie altyd daar om die beweging verder te voer nie.

Alhoewel Bellville hard moes spook om te wen teen die 1—B, het hulle getoon dat hulle op die oomblik oor 'n pak voorspelers beskik wat nie sommer sonder handskoene aangedurf kan word nie. Walters, Louw en Boy Theron (indien hy beskikbaar is) is 'n interprovinsiale voorry wat laag en vas in 'n skrum pak, en Laubscher en Viljoen steek nie juis lyf weg in die slotte nie. Die Maties sal dus môre daarvoor moet sorg dat hulle nie in die losspel geklop word nie (wat ons darem nie verwag nie), as hulle hul aanspraak om die Wes-Kaaplandse louere wil behou. Die twee agterhoedes weeg taamlik gelyk teen mekaar op, en dit sal waarskynlik net daarvan afhang watter van die twee die meeste fut plaas in hulle aanslae, wat ook die verskil tussen 'n oorwinning en 'n neerlaag sal beteken. As die Maties Bellville as 'n versperring môre uit hulle pad kan stoot, sal hulle aansienlik gevorder het in die wedloop om die kampioenskap.

---

Nog nooit weer is hierdie ongelooflike prestasies, almal op een byeenkoms strekkende oor 'n periode van slegs twee weke, behaal nie. Sommige wedlope waaraan hy deelgeneem het, het binne twee uur na mekaar plaasgevind!

Na die 1924 Olimpiade het hy 'n uitnodiging ontvang na Amerika om teen die plaaslike kampioene op te tree waar hy nie minder as vyftig oorwinnings aangeteken het nie. Alhoewel sy beste jare met die Spele van 1928 in Amsterdam alreeds agter die rug was, was hy egter nog 'n gedugte persoon om te klop. In 1931 op die hoë ouderdom vir 'n atleet van 34 jaar, behaal hy egter sy laaste groot sukses met die daarstelling van 'n nuwe tweemyl-wêreldrekord op 8 m. 59.5 sek. wat sedertdien oortref is deur die Hongaar M. Szabo en onlangs deur Gundar Haegg in die ongelooflike tyd van 8 m. 42.8 sek. afgelê is.

Vanaf 1931 lê hy hom voortaan veral op die Marathon toe. Hoewel hy gekies word vir die Olimpiade van 1932 in Los Angeles, word sy amateur-status in twyfel getrek en is hy nie toegelaat om deel te neem nie. Hierdie onsmaaklike voorval het wyd en syd bespreking uitgelok. Die Amerikaners is o.a. van afguns beskuldig deurdat hulle wou verhoed dat Nurmi weer hulle beste manne klop. As gevolg van wat dan ook later i.v.m. die voorval gebeur het, is etlike van die Fin se rekords nooit in die V.S.A. erken nie, en is baie van die eer wat hom van dié en ook ander lande moes toekom nooit aan hom geskenk nie.

Die Finne was nog altyd die uitblinkers oor die langer afstande, en veral hulle sukses op die jongste Olimpiade in Berlyn was grootliks aan die voorbeeld en inspirasie van 'n Nurmi te danke. „Die Vlieënde Fin" sal altyd onthou en bewonder word omdat hy die beste voorbeeld in die geskiedenis is van wat gedoen kan word op atletiekgebied as 'n atleet maar gereeld en deeglik wil oefen en 'n onbuigbare wil het om te slaag.

## Nogmaals: Kan die 1-B ?

Die 1-B beklee tans die laaste plek op die senior puntelys, ten spyte van uitmuntende vertonings tot dusver, waaronder veral hulle gelykopspel teen die gedugte Groote Schuur gereken moet word. Die inisiatief en moed was in al hulle wedstryde nog daar, maar nog altyd het die klein verskilletjie wat hulle tot 'n wenspan sou omskep, ontbreek.

Veertien dae gelede het die Maties veral gesondig wat hulle hanteerwerk en algemene samespel betref, maar dit gebeur soms dat hulle so goed saamspeel as 'n span dat dit sommer kopwerk van hulle opponente vereis om 'n bres in hulle verdediging te slaan. Spelers soos Venter, Swiegers en van Wyk steek nie hulle lyf weg in die los nie, terwyl Hough en Bredell die bal in die lynstane sommer wie-weetwaar vandaan haal. Von Lutzenborgh en Slabbert verstaan egter self die kuns in die lynstane, terwyl Pierrie Louw, Perold en Koch geharde manne in die loswerk is. Sake sal dus waarskynlik in die voorspel uitgespook word met die vernuftige en opportunistiese Neels Krige daar in die agterlyn van Paarl om 'n handjie by te sit as sake nie na wense verloop nie.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

# STOEI

## U.S. Klop Liesbeekpark

Nieteenstaande die feit dat die Maties nie hul beste span in die veld kon stoot nie en daarby ook slegs met ses manne kon gaan, het hul tog nog presteer deur Liesbeekpark Dinsdagaand 5—2 te klop. Die Matie-span het slegs een geveg verloor, moes toe ongelukkig een geveg prysgee. Ons span het tog gesorg vir een van die aantreklikste toernooie wat nog in Kaapstad gesien is. Dit sou onbillik wees om sommige van die stoeiers uit te kies, want deur al die wedstryde was werklik geen saai oomblik nie.

Die volgende is die volledige uitslae (Stellenbosch stoeiers eerste genoem):

**Kapok:** J. Haasbroek klop Bruyns op punte.
**Veer:** U.S. gee prys.
**Lig:** A.B. v. d. Merwe klop Meyer op punte.
**Welter:** J. Jordaan klop De Mink op punte.
**Middel:** Marinus klop van Wyk met een val.
**Ligswaar:** Jooste klop du Toit met een val.
**Swaar:** I. L. de Villiers verloor teen Vlok op punte.

## Mussolini-Stadion Beset

Daar is onlangs berig dat die Mussolini-stadion in Rome deur Suid-Afrikaanse troepe ingeneem en herdoop is tot die Forum d' Italia. Mussolini het hierdie pragtige stadion, wat sitplek bied vir 25,000 mense, spesiaal opgerig vir die Olimpiade wanneer Italië aan die beurt sou kom. Die aanleg en omgewing van die stadion herinner 'n mens baie aan die beroemde Madison Square Garden in New York. Benewens pragtige resiesbane en swembaddens kan die reisiger vir ure lank in die skilderagtige boulevards ronddwaal.


*Vir die maak van u volgende*
O Paar Sandale
O Stewels
O Skoene
BESOEK
**LUBBE**
*die deskundige skoenmaker en repareerder*
Foon 440

MATIES ! ! !
**DE CLERK**
DIE DROOGSKOONMAKER
GOEIE VINNIGE DIENSTE.
Birdstraat 79, — Stellenbosch.

**G. E. HENDRIKSZ**
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE
**KWV**
DRUIWESAP
*Onthou ! K.W.V.- Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

**BELANGRIK ——!**
Sien ons nuwe voorraad Sports Baadjies-materiaal so pas ontvang
Sports Baadjies gemaak na maat, vanaf £5-7/- - £5-17-6
'n Pragtige Reeks nuwe Engelse Worsted-stowwe nou in voorraad, teen die besondere billike pryse van £10-5/-, £11-5/-, £12 per pak gesny na maat deur 'n deskundige
Die beste in waarde in Stellenbosch
By ons kan u 'n paar pond op 'n pak spaar
**Gebrs. De Wet**
*Waar u altyd die Beste Waarde kry vir u geld.*
**Gebrs. de Wet (Eiens.) Bpk.**
Foon 20. STELLENBOSCH. Bus 21.

**HALDENWANG**
HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER
Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Vleispasteitjies en alles wat lekker is.
(Foon 135)